
Maart - April 2004

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 3, No. 2 Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## Persoonlik

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Waar werk Jesus Christus vandag?

Ek het as kind in 'n hoofstroom Protestantse kerk grootgeword. My ouers, susters en ek het gereeld dienste bygewoon in 'n groterige kerk in suidwes Missouri. Die preke was taamlik algemeen, soms filosofies of vervelig, maar net om kerk by te woon het ons darem "beter laat voel". Ons het maar die kerk bygewoon wat ons familie altyd bygewoon het. Dit het dus gelyk na die regte ding om te doen. Dit het nooit by ons opgekom om onsself af te vra: "Waar is God se ware Kerk vandag? Waar op hierdie aarde vandag is die lewende Jesus Christus waarlik besig om te werk deur die mens te gebruik om Sy Werk te doen?"

Die meeste mense vra hulleself ook nooit soortgelyke vrae af nie.

Tog is daar vandag verbysterende gebeure op die onmiddellike horison. Dit word in u Bybel voorspel. Een kwart van die hele Bybel bestaan uit profesieë. Ons lees dat Paulus sê: "Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" (2 Tim. 4:2-4). Preek u leraar ooit oor die volledige boodskap van die Bybel? Verduidelik en bring hy gereeld die kragtige eindtyd profesieë van die Bybel onder u en u geliefdes se aandag? Daar is 'n hele aantal spesifieke gebeurtenisse waarvoor ware Christene op die uitkyk moet wees. Hierdie gebeurtenisse sal binnekort duidelik toon dat die mensdom aan die einde staan van hierdie huidige tydperk – die tydperk van die mens se heerskappy op die aarde onder die invloed van Satan die duiwel (Op. 12:9).

Êrens op hierdie aarde het God ware diensknegte wat die eindtydgebeure, waarop ons almal behoort te let, getrou en in geheel verkondig. God het Sy Profeet Amos geïnspireer om te sê: "Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?" (Amos 3:7-8).

Talle godsdiensleiers praat oor die eindtyd. Maar wie, in alle eerlikheid, maak aan u bekend – dikwels vooruit – om na spesifieke gebeurtenisse op te let? En wie help u, vandag, om die ware betekenis te verstaan agter die traumatiese omwentelinge in die weersomstandighede, die toenemende aardbewings, die terroriste aanvalle en die aaklige oorloë in Afrika, die Midde-Ooste en elders wat hierdie planeet nou begin bedreig?

Wie maak werklik sin hieruit?

Jesus sê in Johannes 8:31-32: "As julle in my

woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak". Weereens, as u in Christus se "Woord" moet bly, wie maak werklik daardie Woord vir u betekenisvol? Wie haal voortdurend aan – nie net uit wêreldse geskrifte nie – maar uit die geïnspireerde Woord van God? Wie daag u voortdurend uit: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Tess. 5:21)?

Ons redakteurs en skrywers van die Wêreld van Môre-tydskrif hoop opreg dat elkeen van u intekenare geïnspireerd sal wees om waarlik in u Bybel te delf, die Skrifgedeeltes op te soek en die lewensbelangrike waarheid te bewys wat u in hierdie tydskrif kry deur dit te ondersoek in u eie Bybel! Slegs dan sal u die waarheid verstaan wat u vry sal maak van al die verwarring, halwe waarhede en die misleiding wat ons moderne godsdiens in 'n warboel gedompel het.

Ek het dikwels oor die jare vroom mense van verskeie godsdiensgroepe en kultusse teëgekom wat as selfopgelegde taak die evangelie op straat verkondig. Ek het hulle nou en dan oor sleutel kwessies in die Bybel ondervra. Dit is nogal amusant, eintlik hartseer, om te sien hoe word hierdie ywerige jongmense en selfs ouer garde, van beide geslagte, verleë en hoe hulle selfs met vrees vervul word wanneer hulle gekonfronteer word met duidelike Bybelse bewyse wat

**Vervolg op bladsy 27**

# Inhoudsopgawe

**Voorblad: Persoonlik**

**Waar werk Jesus Christus vandag?**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

**Hoofartikel.........................3**

**Die Antwoord**

Pleks van die reuk van blomme te geniet mag 'n mens dalk eindig met madeliefies op jou graf.

**Die Huwelik en Familie: Lewensbelangrike Instellings in 'n Krisis ..........................................7**

Is die huwelik outyds? Kan die familie herdefinieer word sonder gevolge?

**Profesieë Word Vervul – Sodom Herrys! ......................................12**

**Wat is u persoonlike "Breekpunt"?.............................14**

**Hoe om 'n leier te word: Vyf belangrike stappe......................17**

**Wie is Jesus?.........................................21**

**Vrae en Antwoorde.................................26**

## Wêreld van Môre

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die Antwoord

## Deur Roderick C. Meredith

Miljoene Amerikaners wat na aan die hoofstad woon het verlede herfs vir weke lank in vrees gelewe dat 'n skerpskutter hulle sonder waarskuwing om die lewe sou bring. Die Verenigde State het 'n gevaarlike plek geword, selfs om net vir 'n wandeling te gaan, terwyl dit definitief nie veilig is om saans in enige van die groot Amerikaanse stede te gaan stap nie. Pleks van die reuk van blomme te geniet mag 'n mens dalk eindig met madeliefies op jou graf. 'n Mens staan 'n goeie kans om beroof, verkrag of vermoor te word.

Ek het aangename herinneringe van 'n reis na Brussels in België waar 'n mens omtrent enige plek, dag of nag, in veiligheid vir 'n wandeling kan gaan. As 'n toeris was die grootste gevaar vir my eerder om te verdwaal. Dieselfde geld in Duitsland, Denemarke, die Skandinawiese lande en die grootste deel van Wes-Europa. Die parke in die stede was skemeraand gevul met blommeprag, jong ouerpare met kinders en ou dames wat die duiwe voer – in veiligheid.

Die VSA was altyd bekend as die land van vryheid en die tuiste van die dapperes. Hoekom is sy strate dan nou onveilig? Wat het gebeur met die VSA – en *hoekom*? Kan die probleme opgelos word deur meer polisiemanne te ontplooi? Tuisland sekuriteit? Strenger vuurwapenbeheer? Beter hospitale? Beter skole? Sal enige van hierdie maatreëls 'n oplossing bied? Sal enigeen hiervan werklik “die antwoord” wees?

**Oorsaak en gevolg**

Kortsigtige leiers probeer dikwels landsburgers paai met sosiale 'pynstillers' of 'politiese aspiriene' wat die onmiddellike pyn van sosiale probleme tydelik verdoof. Hierdie teenvoeters faal egter uiteindelik net soos sommige uitbuitende medici dikwels faal om die onderliggende oorsaak van degeneratiewe siektes (bv. stres, besoedeling, swak dieet en gebrek aan oefening), te behandel.

Vuurwapenbeheer mag tot 'n mate verligting bring – maar wat van die ontelbare wapens wat alreeds in die hande van kriminele is? Gevangenisse mag misdaad – tydelik – verhoed, maar is heel dikwels 'n skool vir meer uitgeslape misdadigers en maak hul net meer gehard.

'n Artikel in die *San Gabriel Tribune* beskryf die hartseer vooruitsigte van 'n twaalfjarige Kaliforniese seun wat 'n ernstige misdaad begaan het. Die joernalis, Keith Sharon, beskryf die seun se moontlike omstandighede in die tronk: “Sy ouderdom is geen paspoort tot beter behandeling nie, behalwe vir die plasing van sy bed. Die kanse dat hy die tronk as 'n beter persoon sal verlaat is dieselfde as vir die ander seuns: Vyf-en-vyftig persent is binne twee jaar weer terug in die tronk”.

Natuurlik ken ons almal die gemeenskap se “antwoord” op die vigsepidemie – kondome word aan 10 tot 12 jarige seuns en meisies verskaf – kinders wat totaal onvoorbereid is vir seksuele verhoudings. Afskuwelik! Die werklike *antwoord* op hierdie en soortgelyke probleme wat die mensdom in die gesig staar, is nie om maar net die gevolge te behandel nie, maar om ook tot die *oorsaak* deur te dring.

Ons moet erken dat die VSA besig is om uitmekaar te val! Wanneer u die nasionale skuldlas in ag neem – die ergste in die geskiedenis – die dwelmprobleme, misdadigheid, gebroke huisgesinne, rassespanning, VIGS en ander geslagsiektes – sal u sien dat die VSA nie werklik meer baie jare oor het alvorens een of ander groot ineenstorting die land tref nie.

Kort voor lank sal dit egter duidelik wees dat die VSA onder 'n tipe van 'n nasionale vloek is. Hoekom? En, wat kan daaromtrent gedoen word?

**Die ANTWOORD**

Of ons dit nou besef al dan nie, ons kry swaar as gevolg van

die verbreking en verplettering van sekere fundamentele wette van die heelal. Verbreek ons wette wat op die wetenskap of natuurkunde van toepassing is? Nee. Dit is baie ernstiger as dit. Talle mense is mislei om te dink dat God die Skepper baie "ver weg" is. Biljoene mense is geleer dat God se geestelike Wet, die Tien Gebooie, nie vandag meer op die mensdom bindend is nie.

As gevolg van 'n verwarde, doen-jou-eie-ding "waardestelsel" ken Amerikaners nie meer die onderskeid tussen reg en verkeerd nie. Gevolglik is Amerikaanse stede toenemend onveilig. Meer en meer Amerikaanse hoërskool meisies raak swanger; ongeveer een-en-'n-halfmiljoen klein menslike wesentjies word elke jaar **vermoor** terwyl nog in die baarmoeder en hulle moordenaars word betaal met geld waarop gedruk staan: "Op God vertrou ons". Wat 'n skynheilige nasie!

Ons moet besef dat die mensdom *nie* die gesag het om te besluit wat reg of verkeerd is nie. Slegs God die Skepper het daardie outoriteit om sodanige besluit te neem – en Hy het ons hierdie basiese inligting gegee in Sy "Beslissende Handleiding vir Oorlewing" – die Bybel.

Toe aan Jesus gevra is wat die weg tot uiteindelike oorlewing is, gee Hy 'n ondubbelsinnige antwoord. 'n Jongman vra: "Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê? En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matt. 19:16-17). Jesus begin toe sommige van die Tien Gebooie opnoem sodat daar geen misverstand kon wees na watter wet Hy verwys nie.

Indien ons hele gemeenskap, van die nederigste tot die invloedrykste, net sal glo in en lewe volgens die Tien Gebooie, **sal ons 'n werklike Utopia hê**. Daar sal geen behoefte aan tronke wees nie, want daar sal geen misdaad wees nie; geen behoefte aan astronomiese uitgawes vir 'n weermag nie, want daar sal nie meer oorloë wees nie; geen behoefte vir honderde miljoene Rand vir dwelmverwante probleme nie, want mense sal innerlike vrede en kalmte hê, in hulself asook teenoor hulle gesinne. Daar sal geen uitgawes ten opsigte van VIGS en talle ander geslagsiektes wees nie, want mans en vrouens sal leer om getrou te wees aan 'n dierbare geliefde voor en tydens die huwelik.

Die apostel Jakobus is geïnspireer om te skryf: "Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word" (Jak. 2:10-12).

Neem kennis dat "die wet" waarvan Jakobus skryf die Tien Gebooie is. Hy sê dat Christene deur die wet "geoordeel" sal word (vers 12) en dat die Tien Gebooie spesifiek die "wet van vryheid" genoem word.

Indien die mensdom gehoorsaam is aan die Tien Gebooie sal hulle waarlik vrygemaak word van oorlog, misdaad, egskeiding, dronkenskap, dwelms, geslagsiektes en die meeste geestelike en emosionele spanning en skuldgevoelens wat by so baie mense spook.

**Christus se Boodskap van Vrymaking**

In teenstelling met die nuttelose redenasies van talle godsdienstiges, het Jesus Christus se boodskap baie te doen met God se Wet. Jesaja word geïnspireer om te sê in 'n profesie oor die koms van die Messias: "Dit het die HERE behaag ter wille van sy geregtigheid **om die onderwysing** [wet] **groot en heerlik te maak**" (Jes. 42:21).

Tydens die Bergpredikasie en regdeur Sy bediening het Jesus die Wet beklemtoon en uitgebrei. Hy sê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul" (Matt. 5:17). Onthou asseblief dat "vervul" **nie** "tot niet maak" beteken nie. Christus het die Wet vervul deur dit te *onderhou* – en stel daardeur vir ons die *voorbeeld* om in Sy voetspore te *volg*: "Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely

het en *julle 'n voorbeeld nagelaat het*, sodat julle sy voetstappe kan navolg" (1 Pet. 2:21).

Jesus sê ook: "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele" (Matt. 5:19).

Dus, ware volgelinge van die Jesus van Nasaret moet selfs die "minste" van die Tien Gebooie onderhou – *insluitende* die weeklikse Sabbatdag. Jesus het *nie* toestemming gegee dat God se Wet verbreek mag word nie. Let op Mattheus 5:28: "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het". In hierdie vers beklemtoon en verheerlik Jesus duidelik God se Wet – Hy skaf dit nie af of verklaar dit nie nietig nie. Jesus het die ware betekenis van die Wet meer volledig en bindend op Sy dissipels gemaak.

Besef u wat 'n beter nasie en 'n beter wêreld ons sou hê as die vroulike geslag met 'n diepe respek behandel sou word sodat mans – selfs nie eers in hulle gedagtes – die vroulike geslag in 'n wellustige en pornografiese lig sal beskou nie? Eerder sal elke man sy vrou as sy Godgegewe 'ander helfte' beskou, waardig met gelyke respek behandel – as sy getroue liefling en die moeder van sy kinders. Daar sal geen egbreuk of egskeiding wees nie, geen gebroke huisgesinne met verwarde kinders wat soms misdadige neigings het nie.

Hoe sou dit wees as ons Jesus se vervulling van die Wet oor moord sou nakom? Daar sal geen bose haat wees nie, geen aanrandings, verminkings, of moord nie. Die apostel Johannes is immers geïnspireer om te skryf in 1 Johannes 3:15: "Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie".

Mans en vrouens orals sal leer om die *gees* van die Tien Gebooie te *verstaan* en te gehoorsaam. Die gees van die Wet doen *geensins* weg met die letter van die Tien Gebooie nie! Eerder wend dit die beginsels van God se geestelike Wet aan tot die gees of gesindheid van die mens. Die gees van die Wet vereis dat hierdie gesindheid gesuiwer moet wees, vry van haat, wellus en selfsug.

Waarom het talle van u nog nooit hierdie boodskap gehoor nie? Hoekom het die meeste predikers óf nagelaat om selfs oor die Tien Gebooie te praat, óf andersins probeer om die geloofwaardigheid van God se Wet subtiel te vermy deur te sê dat dit 'afgeskaf' of 'aan die kruis gespyker is?'

**Die Nuwe Verbond**

Talle onwetend misleide predikers probeer die indruk skep dat die Tien Gebooie afgeskaf is aangesien ons onder die Nuwe Verbond is. **Niks kan verder van die waarheid af wees nie!** Let op God se beskrywing van die nuwe verbond in die Bybel: "Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie - my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: *Ek gee my* **wet** *in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart*; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (Jer. 31:31-33).

Die "nuwe" verbond behels duidelik dat Jesus Christus Sy wette op ons harte en verstand sal skryf – en dit dan só deel van *ons eie natuur* sal maak! In 2 Petrus 1:4 sê Petrus dat ons "deelgenote kan word van die goddelike natuur". Die Nuwe Verbond behels dat God die Vader en ons Here Jesus Christus inderdaad inkom en *binne-in ons kom woon* – en ons deelagtig maak aan dieselfde Goddelike natuur waaruit Hulle bestaan, deur die Heilige Gees!

Jesus sê in Johannes 14:23: "As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak". Paulus sê ook: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my

liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Gal. 2:20).

Duidelik behels die Nuwe Verbond dat God die Vader en Jesus Christus in ons woon deur die krag van die Heilige Gees! Watter tipe lewe sal Jesus Christus in 'n ware Christen lewe? Paulus is geïnspireer om te sê in Hebreërs 13:8: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid". **Die basiese lewenswyse van Christus verander dus nie.**

Jesus self sê aan ons: "As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly" (Joh. 15:10). Jesus het dus Sy Vader se gebooie onderhou en as die God – die Rots – van die Ou Testament (1 Kor. 10:4), **het Jesus hierdie gebooie vir Israel gegee**! Hy was hulle God – handelend namens die Vader – en Hy en die Vader is "een" (Joh. 10:30). Hulle het *nie verskillende wette of verskillende waardesisteme nie*.

Die geliefde apostel Johannes was geïnspireer om te skryf: "Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie" (1 Joh. 2:4). Dus moet enige ware Christen dan noodwendig die pad van die Tien Gebooie bewandel. 'n Ware Christen moet die gebooie en hulle betekenis bestudeer en opreg poog om daarvolgens te lewe met die hulp van die Heilige Gees, **as 'n lewenswyse**.

**Waarom** het die meeste van u nog nooit gehoor dat Christelikheid op hierdie manier verduidelik word nie? **Hoekom** praat misleide mense skynbaar altyd oor die *persoon* van Christus, maar nie oor Sy *boodskap* van gehoorsaamheid aan God en die goeie nuus oor Sy komende Koninkryk wat binnekort op hierdie aarde opgestel gaan word nie?

**Wat lê voor?**

Tensy ons nasionaal bekeer van die verbreking van God se wette, lyk ons toekoms inderdaad bleek. Elke groot nasie en ryk wat in die verlede tot die dieptes van immoraliteit gedaal het soos wat ons tans ondervind, het tot 'n val gekom.

Wat kan ons dus verwag? Sal leraars wakker skrik en begin om *gehoorsaamheid* teenoor die wette van God te verkondig? Sal politieke leiers hulle wend na die Skepper uit ware goddelike vrees en God en Sy weë 'n lewensbelangrike deel van die volkslewe maak? Sal opvoedkundiges, psigoloë en sosioloë begin om hulle konsepte te bou op die beginsels van God en Sy Woord?

Die antwoord skyn voor die hand liggend te wees. Die VSA, tesame met die meeste Engelssprekende nasies, gaan 'n tydperk van nasionale rampspoed en ellende tegemoet – eintlik 'n *nasionale straf* – ongekend in die mens se geskiedenis. Met die maande en jare wat verbysnel sal meer en meer krisisse opduik. Die nasionale skuldlas en onsedelikheid sal toeneem en die misdaadsyfer sal styg. Stede sal selfs minder veilig word soos wat hulle oorkom word deur wetteloosheid, bende-oorloë, rasse-onluste – en uiteindelik voedsel oproer weens die dreigende droogte en die hongersnood wat voorspel is om die mensdom te tref.

Persoonlik kan u *uself* bring tot intense bewustheid van wat besig is om te gebeur. U kan begin om die Bybel ywerig te *bestudeer* en te sien wat regtig daar staan. U kan begin om God *aan te roep* in ernstige gebede en Hom vra om leiding, krag en bevryding vir u en u gesin in die stormagtige jare wat voorlê. *Wend* u dan tot Hom met u hele hart en begin Sy wette gehoorsaam. Neem die ware Jesus Christus as u persoonlike Saligmaker aan, gee u lewe ten volle *aan Hom oor* en laat Hom toe om *Sy lewe in u te lei*.

In u opregte soeke na God en u *geloof* in die ware Evangelie van Sy Seun, leer om te *doen wat Hy sê*. Hy sal u lewe verryk met begrip en doelgerigtheid. Hy sal u die gawe van die ewige lewe skenk in Sy toekomstige Koninkryk (Joh. 3:16). Hy sal u red uit die wêreldwye katastrofe wat so duidelik deur Jesus voorspel is. Jesus self waarsku in Lukas 21:36: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan".

# Die Huwelik en Familie: Lewensbelangrike Instellings in 'n Krisis

Deur Douglas S. Winnail

*Is die huwelik outyds? Kan die familie herdefinieer word sonder gevolge? Maak dit saak of ons "alternatiewe lewenswyses" saam met die tradisionele huwelik en familie aanvaar?*

Ons lewe werklik in 'n betekenisvolle tyd. Die historiese pilare van die Westerse beskawing – Bybelse godsdiensbeoefening, die huwelik en die familie – is onder beleg en is besig om te verkrummel. In die laaste helfte van die 20ste eeu is die basiese boustene van die menslike samelewing blootgestel, besmet en teen 'n ontstellende tempo verwerp – en die neiging is besig om te versnel.

Glen Stanton, 'n maatskaplike navorser, maak die skokkende opmerking dat "die familie in die Westerse wêreld radikaal verander het – sommige beweer amper vernietig is – deur die gebeure van die afgelope drie dekades" (Why Marriage Matters, Stanton, bl. 17). Hy sê verder dat "die skaal van gebroke huwelike in die Weste sedert 1960 histories sonder weerga is ... daar was niks soortgelyk die afgelope 2,000 jaar nie, en moontlik vir nog langer" (ibid., bl. 20). Hy haal demograaf Kingsley Davis se betreuring aan dat "gedurende geen tyd in die geskiedenis, met die moontlike uitsondering van Keiserlike Rome, was die huweliksinstelling meer problematies as vandag nie" (ibid., bl. 25). Stanton kom tot die gevolgtrekking dat "van al die maatskaplike probleme wat die Amerikaanse beskawing in die gesig staar, *die verval van die huwelik en die verbrokkeling van die familie ongetwyfeld ons dringendste probleem is* ... dit is die gemene deler wat ander maatskaplike euwels dryf" (ibid., bl.18).

Presies *hoe ernstig* is hierdie groeiende neiging? Wat het hierdie opvallende maatskaplike verandering teweeg gebring? Waar lei dit heen? Is daar oplossings wat hierdie instellings, wat stabiele menslike gemeenskappe ondersteun, kan red en herstel? Soos ons sal sien bevat die Bybel uiters belangrike sleutels!

**Waardes en gevolge**

Baie ontleders erken dat die maatskaplike en seksuele omwenteling wat in die sestiger jare plaasgevind het, gewigtige gevolge gehad het. Die slagspreuk van die teen-oorlog beswaarmakers – "maak liefde, nie oorlog nie" – en die pogings van intellektuele om die samelewing te bevry van "onderdrukkende, puriteinse, Victoriaanse" moraliteit het seks geskei van huwelik en moraal en 'n vloedgolf van vrye seksuele verkeer rondom die aardbol ontketen. Die feministiese kruistog het die huwelik ge-etiketteer as 'n vorm van slawerny en vrouens aange-spoor om ongeoorloofde liefdes-verhoudings te begin wanneer hulle so voel. Egskeidingswette is verslap en egskeidings het toegeneem, enkelouer huis-houdings het vermenigvuldig, en die getal mans en vrouens wat saamleef het die hoogte in ge-skiet. Maatskaplike ingenieurs verkondig dat ons "volgroeid" geraak het en 'n nuwe tydperk van vryheid en verdraagsaam-heid betree het. Die geskiedenis openbaar egter dat daar 'n donkerder kant is aan hierdie moderne vlaag van naïewe maatskaplike verandering.

Die Britse antropoloog, Joseph Unwin, het in die 1930's 'n studie gemaak van hoe seksuele waardes die verloop

van die geskiedenis beïnvloed het in meer as 80 verskillende kulture, insluitend antieke Babilon, Griekeland en Rome. Hy het waargeneem dat wanneer seksualiteit tot die huwelik beperk was, die gemeenskap 'n hoër vlak van beskawing bereik – hulle bou groter stede, wend groter pogings aan om hulle omgewing te hanteer en hulle lewenstandaard te verhoog en vra meer indringende vrae oor die doel van die lewe. Hy het ook waargeneem dat gemeenskappe wat seksuele vryhede toelaat ooreenstemmend van 'n laer orde was, asook dat wanneer groot beskawings hulle ontsag vir die waarde van die huwelik en moraliteit verloor en "maklike" seksuele verhoudings en alternatiewe lewenswyses nastreef, daardie groot beskawings verval en verkrummel het. So standhoudend was die bewys dat Unwin tot die volgende gevolgtrekking gekom het: "As ons weet wat die seksuele voorskrifte is wat 'n gemeenskap aanneem, dan kan ons die patroon van die kultuur **profeteer**" (sien Stanton, bll. 47-51).

Ander skrywers kom tot dieselfde gevolgtrekking. 'n Harvard sosioloog skryf dat "die bewind wat kroniese oordadige, ongeoorloofde en wanordelike seksuele aktiwiteite toelaat bydra tot die agteruitgang van kulturele skeppingskrag" (The American Sex Revolution, Sorokin, bll. 106-107). Historikus Jim Nelson Black het gesê: "Die hele rekord van menslike geskiedenis bevestig dat wanhoop en rampe die natuurlike gevolge is van onverantwoordelike selfbevrediging. 'n Aantal Amerikaners [en ander] wil hierdie *donker werklikheid* ignoreer" (When Nations Die, Black, bl. 216). Die teoloog Carl Henry neem sy toevlug tot Bybelse terme wanneer hy waarsku dat die "toenemende verwerping van die enkelvoudige huwelik, die maklike verkryging van egskeidings ... die wettiging van homoseksualiteit en lesbiese liefde as alternatiewe lewenswyses" sal lei tot 'n "kulturele Armageddon" (The Twilight of a Great Civilization, Henry, bll. 26, 174). Die ondergang van die huwelik en die familie, en die opkoms van ongehinderde egskeiding, die saamwoon van ongetroude mans en vrouens en onbeteuelde seksuele begeertes sal gevolge hê wat bydra tot die ondergang van ons eie beskawing. Dit is hoekom dit belangrik is om te verstaan wat die betekenis is van hierdie moderne maatskaplike verandering.

## Oorsake en Oplossings

Maar wat was die oorsaak van hierdie snelle ondergang van huwelik en familie? Vir enigeen wat gewillig is om te soek is die bydraende faktore nie moeilik om te vind nie. Die skrywer Black sê dat die opkoms van relativistiese denke in die 1960's baie Amerikaners daarvan oortuig het dat "hulle verantwoordelikheid en ware betrokkenheid kan verruil vir sensuele selfbevrediging en selfvoldoening. Kerk en staat, huwelik en familie, en baie van ons mees heilige tradisionele waardes is aangeval. Die sedelike ondersteuningstelsels van ons samelewing is verwerp in die naam van persoonlike vryheid en selfverwesenliking" (Black, bl. 216). Gesprekomroeper Jim Bohannon sê dat nadat mense "hulle eie ding" begin doen het in die 1960's, die families begin disintegreer het. Hy merk op dat "jou eie ding doen vir ouers beteken dat hulle omtrent oor enige provokasie kan uiteen gaan. Dit kom voor dat dit makliker is om eg te breek as om deesdae getroud te bly. Egskeiding het maklik volgbare stappe en 'n legioen van prokureurs om jou te lei. Die huwelik kom met geen eienaarshandboek nie, en is ... somtyds harde werk" (America in Crisis, Bohannon, bl. 71). Navorser Stanton skryf dat baie vandag "nie in staat is of nie gewillig is om die tipe van verbintenis aan te gaan wat benodig word vir 'n huwelik nie" (Stanton, bll. 27-28).

'n Vorige Amerikaanse minister van onderwys, William Bennett, blameer liberale teoloë daarvan dat hulle die belangrikheid van die huwelik bevraagteken, sedelike absolute weg rasionaliseer, alternatiewe homoseksuele lewenswyses aanvaar en "nuwe" familiestrukture onderskryf wat selfdeseks pare insluit wat kinders aanneem (sien The De-Valuing of America, Bennett, bl. 222). In die laaste 30 jaar het die

liberalisering van die egskeidingswette, wat toelaat dat huwelike na willekeur beëindig word, 'n rampspoedige impak op die familie in Amerika en ander Westerse lande gehad (sien The Marriage Problem, Wilson, bll. 99-101). Familielewe-deskundige Dennis Rainey sê ouers fouteer deurdat hulle nie hulle kinders duidelik deur **woord en voorbeeld** leer dat saamleef en voorhuwelikse seks sondig en verkeerd is nie (Building Strong Families, Rainey, bl. 16). 'n Groot deel van die Westerse samelewing het die vals lering aanvaar dat egskeiding dikwels 'n goeie oplossing is vir huweliksprobleme en dat dit min permanente gevolge het op die volwassenes of die kinders, dat saamwoon 'n goeie voorbereiding vir die huwelik is en dat die definisie van 'n huwelik sonder gevolge verander kan word.

As gevolg van hierdie misleide invloede het baie mense vandag geen duidelike idee waaroor die huwelik werklik gaan nie, geen idee hoekom families bestaan of hoe normale familieverhoudings daaruit moet sien nie. Talle geleerdes besef die nodigheid daarvan om bewese en getoetste standaarde te versprei wat mense kan gebruik om hulle eie huwelike en families te verbeter. Professor James Wilson beweer dat ons huidige probleme met die huwelik nie sal verander "tensy daar 'n kragtige kulturele herhandhawing van die waarde van die huwelik is nie" (Wilson, bl. 216). Ons "ryp" – maar liggelowige – kulture sal moet verstaan dat die voordele van ongerepte, eenmalige huwelike baie meer gewig dra dan enige ander alternatief, en dat saamwoon, voorhuwelikse seks en "nuwe" definisies van families swak *plaasvervangers* van die ware Jakob is.

**Oorsprong en Doel**

Hoekom bestaan die huwelik en die familie? Hoe het hul ontstaan? Intellektuele het dwaaslik gespekuleer dat mense geleer het om te trou en families te hê omdat dit ons 'n ontwikkelingsvoorsprong oor ons veronderstelde dier voorgeslagte gegee het. Dit het ons spesie gehelp om te oorleef omdat dit ons gehelp het om beter te jag en voedsel te kweek. Die familie het ook beter beskerming verskaf teen gevare van buite die familie. Sulke oorvereenvoudige en materialistiese denke aanvaar dat daar geen hoër doel vir die menslike bestaan is nie, en ignoreer eenvoudig wat God in die Bybel openbaar het.Aangesien hierdie tipe van denke vandag egter so wydverspreid is, is dit nie verbasend dat baie geen idee het van die werklike oorsprong en doel van die huwelik en familie nie – selfs al maak die Bybel dit duidelik!

Uit die Bybel leer ons dat mense nie diere is nie; inteendeel, hulle was geskape na die beeld van God, hulle skepper (Gen. 1:26-28). Hulle moes "vrugbaar" wees "en vermeerder" – kinders hê – en leer om te heers op die aarde. God se bedoeling is dat seksuele verhoudings tot die huwelik beperk word, en definieer die huwelik as tussen man en vrou wat eggenoot en eggenote word (Gen. 2:21-25). 'n Ideale familie bestaan uit 'n biologiese vader en moeder en hulle kinders. Om te probeer om waardigheid te verleen aan die verhouding tussen twee mans of twee vroue as 'n "huwelik", of om die familie te herdefinieer as enigiets anders as man, vrou en kinders is eenvoudig om God se bedoeling te *verdraai* – en is 'n *gruwel* in Sy oë (sien Lev. 18:22; Rom. 1:22-32). God speel nie met woorde of gebruik "politiek korrekte" terminologie nie.

Die Bybel openbaar dat een sleuteldoel van die huwelik is om goddelike afstammelinge te verwek (Mal. 2:15). Dit is hoekom owerspel en seksuele ontug verkeerd is (Ex. 20:14; 1 Kor. 6:18-20), en God egskeiding haat (Mal. 2:16). Egskeiding vernietig die noodsaaklike stabiliteit van die familie en laat permanente letsels aan volwassenes en kinders (sien Stanton, hoofstuk 5). Die huwelik en familie is ook 'n oefenterrein vir groter verantwoordelikhede (1 Tim. 3:1-5, 12). Die geopenbaarde doel van menslike lewe is dat ons uiteindelik lede van die Goddelike familie kan word (Rom. 8:14-17; 1 Joh. 3:1-3; vra ook ons gratis boekie, *U uiteindelike lotsbestemming*, aan). Die Bybel verduidelik dat verhoudings in die huwelik ontwerp is om verhoudings in God se geestelike familie te

weerspieël (Ef. 5:30-33), en spel besondere Godsgeordende rolle binne die huwelik uit vir die man en die vrou. Die mans moet die leiding neem maar word beveel om hulle vrouens lief te hê (Ef. 5:23-29) en verstandig saam met hulle te woon – verstaan hoe hulle vrouens verskil, en te leer hoe om aan hulle behoeftes te voldoen (1 Pet. 3:7). 'n Vrou moet ook leer om haar man lief te hê en "onderdanig" te wees aan sy leierskap deur die voorbeelde van groot vroue soos Sarah te volg (1 Pet. 3:1-6). Sarah was nie 'n verstandelose "deurmat" nie; sy was 'n intelligente vrou wat God se opdrag aan vroue gevolg het (Spr. 31:10-31).

**Bou Sterk Families**

Sterk gesonde families "gebeur nie net sommer" nie! Dit is die resultaat indien bepaalde riglyne gevolg word. Vir enige familie, kultuur of beskawing om te floreer en te groei – en nie te verval en te verkrummel nie – moet *goeie waardes* oorgedra word aan die volgende geslag. Dit is hoekom die nasie van Israel opdrag gekry het om hulle kinders God se wette en gebooie te leer (Deut. 6:1-9). Abraham was gekies om die vader van die gelowiges te wees (Rom. 4:11). "Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis na hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen" (Gen. 18:19). Geregtigheid word gedefinieer as om die gebooie van God te onderhou (Ps. 119:172). Die Bybel sê duidelik: "En jy moet sy insettinge en sy gebooie hou wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan" (Deut. 4:40). Die Bybel waarsku dat as ons God se gebooie ignoreer of verwerp dit ernstige gevolge gaan hê (sien Lev. 26; Deut. 28).

God bedoel ten volle dat ouers en godsdienstige leiers die Bybelse opdragte aangaande die huwelik en familie verstaan en verduidelik. Dit is hoekom dit belangrik is om die *doel* van die huwelik te verstaan, en die rol wat die familie speel in die voorbereiding van toekomstige seuns en dogters vir die Koninkryk van God. Enigeen wat 'n sterk huwelik en familie wil hê moet voorberei – fisies, verstandelik en geestelik – om die rolle en verantwoordelikhede te hanteer wat God in die Bybel omskryf. Ongelukkig is daar vandag selfs beleidende Christene wat probeer om die rolle wat vir mans en vroue so duidelik in die Skrif uiteengesit is, as outyds af te maak of dáárom te probeer redeneer (sien Ef. 5:22-33; Kol. 3:18-21; 1 Pet. 3:1-7). Enigeen wat trou en 'n familie begin moet die koste bereken en moet gewillig wees om die prys te betaal (in tyd, toewyding en volharding) wat benodig word om sukses te behaal. Wanneer probleme opduik, kies baie vandag egter 'n "maklike" egskeiding (ten spyte van die opgetekende lang termyn gevolge) en begin 'n tweede huwelik (selfs al is die kanse vir 'n tweede en derde huwelik om te slaag nog slegter). Uitstekende oorsigte van navorsing wat gedoen is oor suksesvolle huwelike is beskikbaar vir enigeen wat 'n sterk huwelik en familie wil bou.

'n Ander motivering om sterk huwelike en families te bou, is die werklike tasbare voordele van eerste huwelike wat selde in ons politiek-korrekte samelewings genoem word. Baie studies wys dat getroude pare oor die algemeen fisies en verstandelik gesonder is as mense wat net saambly, uit mekaar gaan, skei of weer trou. Hulle leef langer, versorg hulself beter, het 'n laer persentasie alkoholisme en selfmoord, vertoon laer spanningsvlakke en ervaar meer selfverwesenliking in hulle lewens. Aan die ander kant ervaar mense wat die alternatiewe bo eerste huwelike verkies meer probleme (sien Stanton, hoofstuk 5). Diegene wat voor die huwelik saamgebly het skei meer gereeld. Egskeidings laat lewenslange letsels aan beide kinders en volwassenes. Enkelouer huise is "die grootste enkele struikelblok tot akademiese sukses" vir skoolbeginners (Bohannon, bl. 72). Dit is nie welkome nuus vir die wat alternatiewe lewenswyses voorstaan nie. Stanton merk in sy besonder inligtingsvolle boek op dat "'n kultuur wat wys genoeg is om die huwelik bo die menigte 'alternatiewe' familiestrukture verkies, die voordele van gesonde, sterk, gelukkige, goeie, produktiewe en lang lewens sal

geniet" (ibid., bl. 95).

Die Bybel leer duidelik "God is liefde" (1 Joh. 4:8) en dat ons moet leer om goddelike lewens te lei deur te leer om God lief te hê en ons medemens lief te hê (Matt. 22:36-40). Die naaste medemense wat ons ooit sal hê word in die huwelik en familie gevind: man, vrou, pa, ma, kinders, tantes, ooms en grootouers. Soos ons leer om lief te hê – om te versorg, besorgdheid, respek, meegevoel en vergewensgesindheid te betoon – ontwikkel ons die karakter van God ons Vader. Dit is hoekom dit gesê is dat "waar karakter geplant en gegroei word, die familie is. Dit is die plek waar beleefdheid en respek vir ander vertroetel en verbou word. As die siel van Amerika (en ander nasies) herstel moet word, dan sal dit gedoen word in een huis, een familie op 'n slag, en in die kerk help ons om God se waarheid vir die familie te verkondig. Ons het 'n familie hervorming nodig" (Rainey, bl. 15).

God se kerk strewe daarna om die ware Bybelse waardes van die huwelik en familie terug te bring deur "die hart van die vaders terug [te] bring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders" (Mal. 4:5-6; Luk. 1:17). Hierdie opdrag van die kerk sal die opdrag van Jesus Christus en die heiliges in die komende koninkryk word, wanneer daar 'n "wederoprigting van alle dinge" gaan wees (Hand. 3:19-21).

Diegene wat bereid is om tyd en moeite daaraan te bestee om te leer hoe om sterk huwelike en families te bou, gebaseer op goeie Bybelse beginsels, sal onderwysers word in die wêreld van môre (Jes. 30:20-21). Hulle sal die verbasende voorreg hê om die hele mensdom die weg tot ware geluk in menslike families te wys, terwyl hulle groei om lede van God se eie familie te word.

---

## Kenmerke van Gesonde Families

Watter kwaliteite toon sterk gesonde families? Wat kan u doen om die kwaliteit van u familielewe te verbeter? Rubriekskrywer en navorser Dolores Curran het 500 familie deskundiges ondervra en 15 eienskappe geïdentifiseer waaroor al die sterk families beskik het. Elk van hierdie eienskappe kan aangeleer en ontwikkel word in u eie familie.

### 'n Gesonde Familie:

- Kommunikeer en luister
- Spandeer tyd saam aan die etenstafel om te gesels – hulle eet saam.
- Verseker en ondersteun mekaar
- Onderrig respek aan andere
- Ontwikkel 'n gevoel van vertroue tussen lede
- Kan saam speel en besit 'n humorsin
- Het 'n balans van interaksie tussen lede
- Spandeer ontspanningstyd saam – hulle doen dinge saam
- Betoon 'n gevoel van gedeelde verantwoordelikheid
- Onderrig die verskil tussen reg en verkeerd
- Besit 'n sterk aanvoeling tot familiegebondenheid wat ryk aan rituele en tradisies is
- Het 'n gemeenskaplike godsdienstige belang
- Respekteer mekaar se privaatheid
- Heg waarde aan diens aan ander
- Erken en soek hulp met probleme

# Profesieë word Vervul – Sodom Herrys!

## Deur Douglas S. Winnail

Die ernstige verhaal van Sodom en Gomorra beskryf God se brandende verwoesting van twee stede as gevolg van hulle uitermatige sondige praktyke (sien Gen. 18-19). Bybelse profete het *by herhaling* die verwoesting van Sodom en Gomorra gebruik as die *allerlaaste voorbeeld* van God se oordeel oor sondige mense (Jes. 13:1-22; Jer. 50:35-40). Die apostel Petrus verklaar dat hierdie stede tot puinhope verander is as 'n *waarskuwing* aan diegene wat hulle lewenswyses wil navolg (2 Pet. 2:6).

Vir duisende jare het hierdie intense beskrywing sekere gedragspatrone afgeskrik. Tog het menigte weer die afgelope dekades hierdie ontnugterende waarskuwings verwerp, dit geïgnoreer, of selfs as fabels en bygelowigheid afgemaak. "Voortvarende" mense *bevorder vandag dieselfde lewenstyl* wat die goddelike verwoesting van die stede Sodom en Gomorra tot gevolg gehad het! Die Bybel het voorspel dat dit sou gebeur – en verduidelik waartoe dit sal lei – in profesieë wat vandag *werklikheid word*!

*Hoekom* het God vuur en swael op Sodom en Gomorra laat reën? Baie het die *ware* rede vergeet of verkies om dit te ignoreer. Die Bybel verklaar dat toe verskeie mans gestop het om 'n besoek te bring aan 'n man met die naam Lot, het "die manne van Sodom, die huis omsingel. En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die *manne* wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan *beken*" (Gen. 19:4-5). Die meeste verklarende woordeboeke van die Bybel erken dat die mans van Sodom se bedoeling was om hulle homoseksuele drange te bevredig. Alhoewel Lot geantwoord het, "My broers, moet tog nie *kwaad doen nie*" (Gen. 19:7), het die manne van Sodom probeer om spesiale boodskappers van God seksueel te misbruik (Gen. 19:1). As gevolg van hierdie "uiters goddelose en sondige" gedrag (Gen. 13:13) is die stede van Sodom en Gomorra *skielik en totaal vernietig* deur 'n daad van God (Gen. 19:24-25).

Hierdie is nie die enigste voorbeeld van goddelike straf vir wat baie vandag die term "alternatiewe" lewenstyl gebruik nie. Manne van die stam van Benjamin het die les van Sodom en Gomorra vergeet en 'n soortgelyke fatale fout begaan. Toe 'n reisende Leviet losies gesoek het in Gíbea, "omsingel die manne van die stad, *slegte manne*, meteens die huis en klop hard aan die deur; en hulle spreek met die ou man, die eienaar van die huis, en sê: *Bring die man uit* wat in jou huis ingekom het, dat ons hom kan beken" (Rig. 19:22). Nadat hulle versoek geweier is het hulle die Leviet se byvrou die hele nag beken en mishandel totdat sy gesterf het (Rig. 19:24-27). Hierdie roekelose daad van seksuele aggressie het 'n burgeroorlog ontketen wat bykans die hele stam van Benjamin vernietig het (Rig. 20).

Die Bybel *verduidelik* waarom God so 'n verskriklike straf oor Sodom, Gomorra en Gíbea gebring het. Die wette wat God aan Moses gegee het bevat baie duidelike verbodsbepalings teen homoseksualiteit. Levitikus 18:22 gelas: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. *Dit is 'n gruwel*". (Lev. 20:13; Deut. 23:17). Hierdie instruksies en swaar strawwe was bedoel om optredes *te voorkom en te ontmoedig* wat die Bybel as boos, pervers en 'n goddelose gruwel beskryf. Dit is nie net Moses se mening nie; dit is wat God gesê het. Hierdie Bybelse instruksies bevorder nie haat teen indiwidue nie, maar is ontwerp om *sekere gedrag te*

*stigmatiseer* wat skadelik vir die mens en samelewing is. Hierdie goddelike openbarings het baie menslike samelewings vir duisende jare gelei – tot onlangs!

In die afgelope paar dekades het ons verstommende sosiale veranderings gesien – veral in die "Christelike" nasies van Noord-westelik Europese afkoms. Vandag aanskou ons die groeiende verdraagsaamheid en *aktiewe bevordering* van homoseksuele gedrag – selfs deur die geestelike leiers. Homoseksuele mans en lesbiese vrouens word *toegejuig* as hulle *in die openbaar erken dat hulle homoseksueel is.* Kollege studente word *aangemoedig* om te eksperimenteer met homoseksuele verhoudings. "Gay pride" optogte word geloods vanaf London tot San Francisco asook tot in Sydney. Wat lank as 'n perversie beskou is word nou as aanvaarbare, normale "alternatiewe" lewenswyses voorgehou. Maar, daar is selfs nog meer op pad!

Homoseksuele politieke drukgroepe wil selfde-seks verhoudings as die wetlike eweknie van heteroseksuele huwelike erken hê. Wette hangende in Swede en Kanada sal enige negatiewe verwysing na homoseksualiteit 'n misdaad maak (*WorldNetDaily*, Okt. 21, 2002). Onder sulke wette sal sekere Bybelverse as "haatliteratuur" gekwalifiseer word, en om die Bybel aan te haal sal dalk 'n misdaad wees. Hoofstroom Christenkerke beplan om selfde-seks "huwelike" te ondersteun al sou dit beteken dat dit 'n groot uittog van lede sou beteken wat dit sien as 'n *grootskaalse verwerping* van bybelse opdragte (*London Daily Telegraph*, Nov. 4, 2002). Vandag het kweekskole en gemeentes baie homoseksuele predikante, wat *eenvoudig nie bybelse leringe glo of volg nie*.

Baie verwelkom hierdie onlangse en *skokkende* ontwikkeling as 'n teken van vooruitgang en modernisering. Tog behoort enigeen met 'n aanvoeling van die geskiedenis en kennis van die Skrif van beter te weet. Jesaja verwys na die moreel ontaarde nasie van Israel as "owerstes van Sodom! ... volk van Gomorra!" (Jes. 1:10). Hy verklaar hulle 'n "sondige nasie" (1:4) wat "oortree" het teen hulle God (1:2). Hy sê "hul sonde maak hulle bekend, soos Sodom, sonder om iets weg te steek" (3:9) – *hulle het geen skaamte nie* en sien niks verkeerd met hulle optrede nie! Dit is presies waar ons vandag is. Jesaja het ook gewaarsku: "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg" (5:20). Onlangs, gedurende 'n debat oor homoseksuele pare wat kinders aanneem, is 'n Britse Parlementslid *belaster*. Hy het gesê dat konvensionele huwelike, *volgens alle bewyse*, die mees stabiele agtergrond verskaf vir die opvoeding van kinders (*Daily Telegraph*, Nov. 5, 2002). 'n Redaksionele weeklaag "tot watter laagtepunt het ons gekom wanneer 'n Tory voorsitter *veroordeel word as vieslik* omdat hy die verblindende vanselfsprekende stel" (ibid). Een Britse selferkende homoseksuele verslaggewer het die hele debat oor homoseksuele wat kinders aanneem afgemaak as "*politieke korrektheid wat gekheid is*" en 'n "verkeerde behebtheid met gelykheid" waarin "mense bang is om die waarheid te praat" (ibid).

Lank gelede het die Bybel voorspel dat hierdie tragiese situasie sal ontstaan en hoekom dit gaan gebeur. Moses het ons Israelitiese voorouers gewaarsku: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis *verderflik sal handel* en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle *aan die einde van die dae* sal teëkom" (Deut. 31:29). Die apostel Paulus verduidelik dat omdat mense "dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n *slegte gesindheid*, om te doen wat nie betaam nie" (Rom. 1:28) – insluitend dinge soos homoseksualiteit (Rom. 1:24-27). Hierdie handelswyses floreer waar God se wette verwerp word. Die *aanvaarding* van homoseksuele lewenswyses het hand aan hand gegaan met die *verval* van bybelse godsdiens soos ons dit die afgelope dekades sien.

Baie het vandag *vergeet* dat Jesus praat van 'n *komende oordeel* (Matt. 10:14-15). God

**Vervolg op bladsy 27**

# Wat is u persoonlike "breekpunt"?

## Deur Roderick C. Meredith

God het ons werklik in baie opsigte in hierdie werk geseën. Ons begin nou om 'n kragtiger impak in baie dele van die wêreld te maak. Dit is *baie goed* – en iets waarvoor ons baie dankbaar kan wees. Elkeen van ons moet egter werklik besef dat God se Woord vir ons oor en oor sê dat ernstige vervolging gewoonlik saam met kragtige lering van die Waarheid gepaard gegaan het. "Dit" soos hulle sê, "kom met die verpakking".

Maar is *u* werklik "gereed"?

Wat is u persoonlike "breekpunt"? Wat sal u reaksie wees teenoor *werklike* vervolging soos wat ons nog nooit gedurende hierdie era ervaar het nie? Ons moet almal hierdie vraag ontleed en probeer om *vooruit* te dink oor wat ons moontlik *mag* doen en wat ons werklik *behoort* te doen wanneer ernstige vervolging plaasvind.

Ek het onlangs in die hoofartikel van 'n *Wall Street Journal* 'n baie roerende artikel deur Jere van Dyk gelees wat die vervolgings beskryf van opregte sendelinge in die uithoeke van die aarde. Hy skryf:

> "Op 8 Desember 1934 in 'n dorpie naby Nanjing in Oos-China het vêrlangse familie van my, John en Betty Stam, hulle drie-maande oue dogtertjie vir hulle Chinese bediende gegee en haar gevra om die baba te versteek. Daarna het hulle op die grond gekniel in gebed toe kommunistiese soldate by hulle huis ingebars en hulle onthoof het. Hulle was Christen-sendelinge ... ek het aan hulle gedink toe ek gelees het van die drie sendelinge wat onlangs in Jemen vermoor is. Tragies soos die storie is – hulle is op 30 Desember in Jibla vermoor toe 'n man 'n geweer ingesmokkel het by die sendinghospitaal in Jibla waar hulle gewerk het en hulle geskiet het waar hulle by 'n tafel gesit het – evangelistiese Christene sal nie heeltemal daardeur bedroef wees nie ... Amerikaanse sendelinge, soos hulle broers en susters in Kanada, Europa en elders voel dat God hulle lei. Hulle gaan waar daar 'n behoefte is. Ek is seker dat mense gesange gesing het by gedenk-dienste vir die sendelinge wat in Jemen vermoor is terwyl hulle gesigte gestraal het tussen hulle trane deur omdat hulle in hulle harte geweet het dat die sendelinge nie tevergeefs gesterf het nie" (Januarie 11, 2003).

Selfs al was hierdie sendelinge se verstand waarskynlik nie deur God geopen tot die volle waarheid soos Hy aan Sy ware Kerk geopenbaar het nie, is hulle opregte geloof en moed baie voorbeeldig. Sal *ons* – ons wat God se Heilige Gees het en groter begrip behoort te hê – dieselfde toewyding en geloof openbaar wanneer *ons tyd* van beproewing aanbreek?

*Mag God ons help!*

Godsdienstige vervolging woed regoor die wêreld selfs terwyl ek hier skryf. Letterlik tienduisende opregte mense – belydende Christene – word geteister en gemartel in China, Burma, regdeur die Moslem-wêreld en op baie ander plekke. U en ek moet verstaan. Soos ons sê: "Die tyd van 'kerk-kerk speel', is verby!" God se ware mense moet 'n dieper begrip en geloof ontwikkel. Elkeen van ons *moet* – deur God se Heilige Gees – 'n dieper verbintenis ontwikkel om ons God *ten volle* te gehoorsaam, om daagliks en uurliks met Hom te wandel en om ons totale lewens volkome

aan Hom **oor te gee** in Sy getroue sorg. Soos die apostel Paulus dit stel: “want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons” (Hand. 17:28).

Geagte lesers, ek het baie kere Jesus se woorde in Mattheus 24:9-10 aangehaal. Lees daardie woorde asseblief met *begrip* – want wat dit beskryf sal binnekort begin plaasvind! “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat”.

Soos wat hierdie Werk van die lewende Christus groei in krag en omvang sal ons deur **alle nasies** “gehaat” word. Jesus het so gesê! Baie van God se mense sal bonatuurlik van die volle trefkrag van die Groot Verdrukking beskerm word (Op. 12:13-17). Maar sonder twyfel is daar leraars – en sommige ywerige lidmate – wat vervolg en geslaan sal word, in die tronk gegooi sal word en op ander maniere mishandel en moontlik selfs doodgemaak sal word *voordat* die volskaalse Verdrukking begin!

Ons moet dus almal die “*koste bereken*”. Soos Jesus vir Sy dissipels gesê het, insluitend ek en u: “En groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê: As iemand na My toe kom en hy haat [minder liefhê in verhouding] nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie. En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie. Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie?” (Luk. 14:25-28).

Weereens sê Jesus vir ons: “En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie” (Matt. 10:22-23). En later “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies” (verse 28-31).

Lesers, ons moet laat hierdie woorde “in ons ore weerklink” sodat wanneer die *realiteit* van Jesus se waarskuwing begin plaasvind, ons **nie** verward, verbaas of bang sal wees nie. As die diensknegte van die lewende God moet ons oor hierdie dinge *mediteer* en die voorbeelde van vervolging en geloof in God se Woord *bestudeer*, en by voorbaat *deurdink* wat ons reaksie moet wees. Dan het ons nodig om dag en nag tot *God* **te roep** om ons nader aan Hom en tot volle **oorgawe** aan Hom te bring namate die einde van die tyd nader.

Hoe sou u daarvan hou om gevange in 'n kerker te wees en dan in 'n tenk vol modder neergelaat te word? Dit is *presies* wat met Jeremia – een van God se grootste profete – gebeur het! 'n Swak en besluitelose koning Sedekía van Juda het Jeremia oorhandig aan van die prinse wat sy waarskuwings gehaat het en hom wou vernietig. “En koning Sedekía het gesê: Kyk, hy is in julle mag, want die koning kan niks teen julle doen nie. Toe neem hulle Jeremia en gooi hom in die put van Malkía, die seun van die koning, wat in die voorhof van bewaking was; en hulle het Jeremia met toue laat afsak. En in die put was geen water nie, maar modder; en Jeremia het in die modder gesak” (Jer. 38:5-6).

'n Godvresende swartman het te hore gekom van Jeremia se benarde situasie en hom gered (verwys verse 7-13). Jeremia het egter nog in die tronk gebly vir maande totdat koning Nebukadnésar van Babilon Jerusalem verower het en hom vrygelaat het. Dit moes 'n lang en pynlike ervaring gewees het.

Die apostel Paulus was ook een van die mees toegewyde knegte van God in die mens se geskiedenis. Tog het God toegelaat dat Paulus deur verskeie beproewings gaan. Deurdat hy hom geroepe gevoel

het om sy toegewydheid te bewys as gevolg van die beskuldigings van vals leraars, het die apostel Paulus geskryf: “Is hulle dienaars van Christus? – ek praat in uitsinnigheid – ek nog meer: in arbeid oorvloediger, in slae bo die maat, in gevangenskappe baie meer, in doodsgevare dikwels. Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring – dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid. Behalwe dit alles my daaglikse bekommernis, die sorg vir al die gemeentes” (2 Kor. 11:23-28).

*Wat 'n voorbeeld vir ons!*

*Indien nodig* moet ons bereid wees om die voorbeeld te volg van Paulus, Jeremia en Jesus Christus self – asook baie getroue Christene oor die eeue heen – deur beproewings, toetse en ernstige vervolging deur te maak. Ons redder Jesus Christus gee pertinent opdrag vir almal van ons: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind. Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel? Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade” (Matt. 16:24-27).

Ons word “gered” of *geregverdig* van ons vorige sondige lewens deur Jesus se gestorte bloed. Soos vers 27 uitwys, word ons egter volgens ons werke beloon – volgens die graad van ons *gehoorsaamheid* aan God en ons diens aan God en ons medemens. God eis dat ons **optree** volgens ons geloof in Hom! “Geloof sonder die werke [is] dood” (Jak. 2:20). Dit beteken dat ons steeds getrou en gehoorsaam aan Hom moet bly, selfs gedurende tye van beproewing en vervolging. *Al* God se dienaars oor die eeue heen moes aan dieselfde vereiste voldoen. Waarom moet ons anders wees?

Gedurende 'n tyd van ernstige vervolging het Paulus aan die Thessaloniese Christene geskryf: “Ons moet God altyd oor julle dank, broeders, soos dit billik is, omdat julle geloof grootliks toeneem en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal groter word, sodat ons self in die gemeentes van God oor julle roem vanweë jul volharding en geloof onder al julle vervolginge en die verdrukkinge wat julle verduur – 'n teken van die regverdige oordeel van God, dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word, waarvoor julle ook ly” (2 Thess. 1:3-5). Ons gewilligheid om te *ly* vir die naam van Jesus Christus is “bewys” vir God dat ons die koninkryk van God “waardig” is – soos Paulus skryf. Baie van God se mense is vandag fisies oud en sekerlik swak in baie opsigte. God weet dit. Hy is 'n liefdevolle Vader. Hy sal ons **nie** versoek of beproef bó wat ons kan verdra nie, maar sal “saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra” (1 Kor. 10:13).

Geagte lesers, ons moet mekaar *help, aanmoedig* en *vuriglik* vir mekaar bid sodat elkeen van ons “ons kruis sal kan dra” soos Jesus gedoen het. Ons moet Jesus Christus werklik in ons laat **leef** ten einde God werklik te behaag **–** en ten einde die **geloof** en *moed* te hê om die komende beproewings en verdrukking te deurstaan wat geprofeteer is om in die eindtyd oor God se mense te kom.

Geloof kom deur die aanhoor (of bestudering) van God se Woord (Rom. 10:17). Elkeen van ons moet ernstig en nadenkend die voorbeelde van geloof tydens swaarkry bestudeer wat orals in die Bybel voorkom. Ons moet **bid** met ons hele wese dat God vir ons en ons broeders die geloof en die moed sal gee wat ons ongetwyfeld in die jare vorentoe nodig sal hê.

Almal van ons moet die voorbeeld onthou van *stralende*

**Vervolg op bladsy 27**

# Hoe om 'n leier te word: Vyf belangrike stappe

**Deur Douglas S. Winnail**

Die Bybel onthul dat Christene "konings en priesters" sal word wat saam met Christus sal regeer op aarde in die millenium (Op. 5:10; 1:6; 20:4-6). Die Bybel verduidelik dat God gekose mense voorberei om te funksioneer as burgerlike en godsdienstige leiers in die komende koninkryk van God. Baie mense vind dit moeilik om te glo, veral as die Bybel ook sê: "Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie" (1 Kor. 1:26). U is nie alleen indien u soms wonder hoe *u* ooit oor stede en nasies sal kan regeer nie.

Dit is egter belangrik om te onthou dat God nie beplan om ons te gebruik soos wat ons *nou* is nie. Die Bybel verduidelik dat ons geroep word om te *groei* sodat ons as leiers kan funksioneer in die komende regering van God. Die gelykenis van die talente en die muntstukke (Matt. 25:14-19; Luk. 19:11-27) dui aan dat ons beloning direk in verhouding sal wees tot die mate waartoe ons groei en oorwin. Wanneer Jesus terugkeer, sal Hy met Sy bruid – die Kerk – trou. Die bruid word beskryf as 'n vrou wat "*haarself gereed gemaak het*" (Op. 19:7). Ons moet oorweeg: wat kan ons *nou* doen om effektiewe leiers in die toekoms te word?

Die grondslag van effektiewe leierskap berus op vaardighede en karakter. Individue wat hoop om leiers te word, moet sekere vaardighede *verwerf* en sekere karaktereienskappe *ontwikkel*. Ons sal in hierdie artikel fokus op vyf eienskappe van karakter en geassosieerde vaardighede wat leiers effektief maak. Dit is eienskappe wat enigeen wat 'n redelik poging aanwend kan ontwikkel. Hierdie eienskappe kan in kinders bevorder word deur ouers wat vooruit sien. Deur God te vra om u in hierdie proses te help kan u God toelaat om u as 'n instrument te vorm wat Hy in staat sal wees om nóú te gebruik sowel as in Sy komende koninkryk.

**Dink soos 'n leier**

Die Bybel beklemtoon drie belangrike verstandelike kenmerke wat leiers moet ontwikkel om effektief te regeer: kennis, begrip en wysheid. Ons word nie met hierdie einskappe gebore nie – hulle moet ontwikkel. Jesus het die rebelse leiers van Sy tyd berispe oor hulle gebrek aan kennis. Toe die Sadduseërs Jesus uitgedaag het met 'n hipotetiese vraag oor die opstanding, het Jesus reguit geantwoord: "Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie" (Matt. 22:29). Leiers moet goed ingelig wees – hulle moet hulle onderwerp ken. Dit is waarom Petrus Christene vermaan om te *groei* "in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Pet. 3:18). Jesus sê: "En julle sal die waarheid *ken*, en die waarheid sal julle vrymaak" (Joh. 8:32). Kennis is mag. As u die waarheid ken – en onthou – sal u nie maklik mislei of op 'n dwaalspoor gelei word nie. Wanneer u die waarheid ken, kan u as 'n leier funksioneer en daardie waarheid aan andere leer. Die werk van die heiliges in God se koninkryk sal wees om aan die mensdom te verduidelik: "Dit is die weg, wandel daarop" (Jes. 30:20-21). Ten einde te groei tot 'n punt waar ons dit effektief kan doen, moet ons *tyd bestee* om die Bybel te *bestudeer* (2 Tim. 2:14-17) en om dit aan ons kinders te verduidelik.

Leiers het egter méér nodig as net kennis van feite. Salomo skryf: "Die beginsel van die wysheid is: Verwerf wysheid en verwerf insig deur al wat jy besit" (Spreuke 4:7). Begrip verg om te leer *hoe* feite bymekaar pas; wysheid verg die *gebruik* van kennis en begrip om die *regte* gevolgtrekkings te maak en goeie oordeel uit te oefen. Dit is moontlik om slim te wees (met

baie kennis) maar dom besluite te neem wat ons – en diegene wat ons volg – in die moeilikheid laat beland omdat ons wysheid en begrip kortkom! Hoe kan u wysheid en begrip *ontwikkel*?

Die Bybel onthul: "Die beginsel [beginpunt] van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand" (Spreuke 9:10). Indien ons bereid is om nederig na God se Woord te kyk om uit te vind wat God oor 'n onderwerp onthul het, sal ons in die regte rigting gelei word. Ons kan dan soek na bykomende inligting wat inpas met daardie Bybelse beginsels. Ons word aangesê om wysheid *aktief na te streef* (Spreuke 2:1-12) en om *oplettend* te raak (Spreuke 1:20-33) sodat ons die *oorsake* van sukses en mislukking kan sien. Effektiewe leiers moet leer hoe om wyse raadgewers te identifiseer en hulle te raadpleeg (Spreuke 11:14). Die wysste raad kom van God en Sy Woord (Spr. 2:6). Dit is waarom Dawid skryf: "Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag ... U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad" (Ps. 119:97, 105). Ambisieuse leiers sal wyse metgeselle kies en dit vermy om tyd te bestee met dwase persone of om tyd te mors in die najaag van dwase dinge (Spr. 13:20). Om biografieë te lees, outobiografieë of boeke oor groot leiers is 'n uitstekende manier om te leer hoe leiers dink. Deur oor die Bybel te mediteer sal u help om te verstaan hoe God dink (Fil.2:5). Effektiewe leiers *leer voortdurend* – en *groei* in kennis, begrip en wysheid. Wyse ouers help hulle kinders om te verstaan en dieselfde eienskappe te ontwikkel.

**Ontwikkel durf en moed**

Petrus stel dit dat, om te groei, 'n Christen spesifieke eienskappe by hul geloof moet *voeg*. Die eerste eienskap wat genoem word, is *deugsaamheid* (2 Pet. 1:5-11). Die Griekse woord vir deugsaamheid is *arête*, wat beteken sterkte, moed, onverskrokkenheid, standvastigheid, vasberadenheid. Jesus waarsku dat ware Christene vervolg sal word "maar wie *volhard* tot die einde toe, hy sal gered word" (Matt. 10:22). Volharding verg moed en vasberadenheid. Regdeur die Bybel doen God voortdurend 'n beroep op leiers om moed te ontwikkel. Toe Joshua Moses as leier van Israel opgevolg het, het God vir hom gesê: "Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie" (Jos. 1:6-9). Toe Salomo die troon van Israel oorgeneem het, is hy deur sy vader Dawid as volg vermaan: "wees dan sterk en word 'n man; en onderhou die ordening van die HERE jou God deur te wandel in sy weë, deur sy insettinge, sy gebooie en sy verordeninge en sy getuienisse te onderhou, soos geskrywe is in die wet van Moses" (1 Kon. 2:2-3). Jesus sê: "As julle My liefhet, *bewaar* my *gebooie*" (Joh. 14:15).

In ons moderne sekulêre samelewing verg dit moed en vasberadenheid om God se gebooie te onderhou. Die druk vandag, beide van binne en buite die Kerk, genoodsaak ons om toe te gee en in te pas by die waardes van die wêreld. Om vir die Waarheid op te staan, is nie maklik nie. Ons ontwikkel moed as ons versoekings weerstaan – deur te weier om in te gee wat betref die Sabbat en Heilige Dae, ongeag van wat ons vriende, familie of werkgewers dink of besluit om te doen. Ons beoefen waagmoed as ons volhou om die Werk te doen wanneer ander sê dat die Werk voltooi is. Jesus sê dat Hy vir ons by die Vader sal intree as ons bereid is om op God se manier te lewe, maar Hy waarsku ook dat "elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is" (Matt. 10:32-33). Om effektief te wees, moet leiers moed *ontwikkel* om die regte dinge te doen.

**Leer spanwerk**

Paulus beskryf die ware Kerk as die "liggaam van Christus" verenig en "saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee" (Ef. 4:12-16). Die menslike liggaam is in staat om te oorleef en op 'n gesonde wyse te funksioneer as al sy ledemate en stelsels saamwerk. God se Kerk moet op 'n soortgelyke manier funksioneer. Omdat ons egter menslik is en onderworpe aan

Satan se verdelende invloed, het ons belangrike lesse om in hierdie verband te leer – net soos die Apostels moes (sien Hand. 15:36-40). Die Skrif gee vir ons belangrike opdragte aangaande spanwerk wat ons kan bestudeer en beoefen.

Een van die belangrikste maniere om spanwerk te bevorder, is om positief en dikwels met die spanmaats en spankaptein te kommunikeer. Wanneer die kommunikasiestelsels van die liggaam – senuwees en chemie – behoorlik werk, is die resultaat gekoördineerde en betydse bewegings. Wanneer die liggaam se kommunikasiestelsels ingee, funksioneer ons nie goed nie. Dit is dieselfde in 'n gesin, 'n kerk of enige organisasie. Dit is die taak van leiers en spanspelers om kommunikasie aan te moedig. Maleági het geskryf: "Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer" (Mal. 3:16). Kommunikasie word vergemaklik wanneer ons aangename woorde besig in stede daarvan om kras vereistes te stel (Spr. 15:1), wanneer ons dit vermy om veroordelende uitlatings oor ander te maak en daarop fokus om ons eie lewens in orde te kry (Matt. 7:1-6). Jakobus meld dat wyse leiers moet leer om hul tong te beheer. Leiers wat leer hoe om God se Gees te gebruik, sal "vredeliewend, vriendelik, geseglik [tot rede – en tot God se Woord], vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins" wees (Jak. 3:17). Sulke individue sal toeganklik wees, respek vir ander hê en maklik wees om mee te praat. Hulle sê wat hulle bedoel en bedoel wat hulle sê. Effektiewe leiers word goeie kommunikeerders en bevorder kommunikasie – wat spanwerk bevorder.

**Wees ferm maar buigbaar**

Een groot slaggat vir enigeen in 'n leiersposisie is die misbruik van – of verkeerd verstaan van die verbruik van – mag. Dit is maklik om in vervoering te raak met mag en om op 'n "magseuforie" te gaan. Kinders – en baie wat soos kinders optree – geniet dit om in beheer te wees, selfs al vind ander wat daardeur geraak word die situasie nie aangenaam nie. Om te leer om te lei is 'n kuns wat opleiding en ondervinding verg. Leiers moet in staat wees om te kan sien wanneer om ferm te wees en wanneer om buigbaar te wees en aan te pas by veranderende omstandighede.

Die Bybel dui aan dat mans die leiding moet neem in gesinsverhoudings en vrouens moet onderdanig wees aan hierdie God-ingestelde struktuur (Ef. 5:22-23). Mans word ook opdrag gegee om "met begrip" met hulle vrouens te lewe (1 Pet. 3:7), wat beteken om sensitief te wees vir hulle vrouens se behoeftes, wense, hoop en drome. Dit is nie 'n teken van swakheid by die man nie, maar 'n aanduiding daarvan dat die man geleer het hoe om by 'n ander persoon aan te pas. Terwyl 'n vrou die gesag van haar man moet erken en daarby moet aanpas, moet sy steeds in staat wees om gesag uit te oefen in 'n wye verskeidenheid van omstandighede (Spr. 31:10-31). Sy moet ook leer wanneer om buigbaar en wanneer om ferm te wees. Vrouens kan hulle dogters lei tot 'n korrekte begrip van die huweliksverhouding deur die toepaslike volg van en ondersteuning aan hulle mans. Vaders lei hulle seuns deur te demonstreer hoe om aan te pas by en hoe om die behoeftes van hulle vrouens te verstaan.

Dieselfde vaardighede kan toegepas word in die Kerk. Paulus het vir die ouderlinge gesê het dat daar tye is om gesag uit te oefen – om te oortuig, te berispe en te vermaan (verwys 2 Tim. 4:1-2). Paulus het verstaan dat daar tye is om ferm te wees en tye om buigbaar te wees en aan te pas by situasies wat ontstaan. Wyse leiers leer om te sien wanneer hulle beheer moet neem en wanneer hulle moet volg en ondersteunend moet wees sodat die span hulle doel kan bereik. Die span word beskadig en selfs vernietig wanneer iemand aanneem dat 'n sekere verantwoordelikheid "sy persoonlike terrein" is en nie deur enigiemand anders gedoen kan word nie. Soms word werk geroteer sodat ander ondervinding kan opdoen en groei. Op gebiede waar ons eens gelei het mag ons later moet volg en ondersteunend wees – sonder

om te mor en te kla. Om in staat te wees om gladweg aan te pas, is 'n kenmerk van 'n bekwame leier wat steeds leiding kan uitoefen en 'n voorbeeld kan stel, deur te volg.

**Wees 'n verdienstelike dienaar**

Ons leef in 'n wêreld wat byvoordele en posisie ophemel. Baie mense wil bo wees sodat hulle meer voordele kan hê. Dit is hoe menslike samelewings funksioneer. Tog het Jesus gesê: "elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien" (Matt. 20:26-28). Jesus het vir Sy selfgesentreerde dissipels gesê hulle moet daarop fokus om *dienende leiers* te word. Hoe kan u dit egter doen as u nooit in beheer van enigiets is nie?

Een van die mees effektiewe wyses waarop 'n leier kan dien (en 'n dienaar kán lei) is deur 'n *voorbeeld* te stel. Dit is waarom Jesus vir Sy dissipels gesê het: "laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Matt. 5:14-16). Ons stel 'n goeie voorbeeld wanneer ons die behoeftes van andere raaksien en daarin voldoen. Ons stel 'n voorbeeld deur gereeld dienste by te woon, deur andere aan te moedig en nie die boodskappe, leierskap of ander lidmate te kritiseer nie. Ons stel 'n voorbeeld deur hoe ons aantrek, waaroor ons praat en waaroor ons nie praat nie. Jakobus het opgemerk dat 'n persoon wat waarlik bekeer is, "uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon" (Jak. 3:13). Paulus het gesê dat 'n goddelike persoon sal fokus op wat ook al "eerbaar ... regverdig ... rein ... lieflik ... loflik is – [of op] watter deug en watter lof daar ook mag wees" (Fil. 4:8). Verdienstelike dienaars van God sal daarna streef om hierdie soort voorbeeld te stel omdat hulle God wil behaag en kwalifiseer om leiers in Sy komende Koninkryk te word.

Die vooruitsig om 'n toekomstige koning of priester te word – 'n toekomstige burger of godsdienstige leier, of albei – mag vêr en onwerklik lyk, maar dit is waarvoor u geroep is. Dit is ook waarom kinders gebore word. Om 'n leier te word vereis die bou van karakter en die ontwikkeling van vaardighede. Die proses behels bekering, verandering, groei en oorwinning. Dit is nie maklik nie maar dit *is* moontlik. Die beloning is 'n kroon – 'n geleentheid om saam met Jesus Christus te regeer en God se manier van lewe vir die wêreld te leer.


**Wêreld van Môre**

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie gratis insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**Of skakel: 058 622 1424**

# Wie is Jesus?

## Deur Richard F. Ames

*Wie was Jesus van Nasaret? Was Hy net 'n rondreisende prediker of was Hy die Verlosser van die wêreld? Kan u dit werklik te wete kom?*

Leef Jesus tans? Indien wel, waar is Hy? Wat doen Hy? Wat beplan Hy vir die toekoms?

'n Volle derde van die Aarde se inwoners noem hulself Christene, maar selfs onder hulle weet relatief min wat Jesus onderrig het en wat die Bybel onthul oor die ware Jesus Christus. Hy het Self gesê dat daar baie nabootsers sou wees – Hy noem hulle "valse christusse" (Mattheus 24:24). Die apostel Paulus waarsku teen: "iemand [wat] kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het ... 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie" (2 Kor. 11:4). Ken u die ware Messias – die *ware* Jesus Christus?

Wat openbaar die Bybel? Was Jesus net 'n onderriggewer en bewerker van wonderwerke? Of was Hy dit en nog **meer**? In Johannes 4 praat Jesus met 'n vrou by Jakob se put naby die stad Sigar in Samaria. Hierdie vrou was oortuig dat Hy die beloofde Messias – die Christus – was. Sy het die hele gemeenskap vertel van hierdie man wat, soos sy gesê het "my alles vertel wat ek gedoen het" (vers 39). Gevolglik het baie ander Samaritane gekom om Jesus te hoor praat en Hom oortuig om vir twee dae by hulle te bly. Wat was hulle indruk van Jesus? "En baie meer het op grond van sy woord geglo en aan die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is" (Johannes 4:41-42).

Was Jesus die Verlosser van die wêreld? 'n Mens moet eerder vra: "***Is*** Hy die Verlosser van die wêreld?" Die bewyse van vervulde profesie, geskiedkundige akkuraatheid, die bewaring van die teks en die openbaring van die lewe se geheimenisse en betekenis, ondersteun alles die waarheid dat Hy ís. U moet dit egter vir uself bewys. Waar soek ons vir bewyse? Indien u nie baie met die Bybel bekend is nie, begin net die Nuwe Testamentiese evangelies lees by die boek Mattheus. Indien u objektief en onbevooroordeeld is, sal u verstom wees oor die leringe van Jesus en die getuienis van Sy dissipels wat gewillig was om vir Hom en Sy lewenswyse te sterf.

Daar is meer as 100 profesieë in die Ou Testament wat die koms van die Messias voorspel. Onder hulle is Jesaja se profesie dat die Messias 'n afstammeling van koning Dawid, die seun van Isai, sou wees (Jes. 11:1), dat die Messias uit 'n maagd gebore sou word (7:14), dat Hy in Galilea sou woon (9:1-2), dat Sy sending die Heidene sou insluit (42:1-4) en dat Hy saam met goddeloses sou sterf (53:9). Ander profesieë voorspel dat Hy in Bethlehem gebore sou word (Miga 5:2), dat hy vir 30 sikkels silwer verraai sou word (Sagaria 11:12 -13), dat Hy Jerusalem op 'n donkie sou ingaan (9:9) en dat Hy 'n gekastyde herder sou word (13:7). Hierdie is net 'n voorsmakie van die vele profesieë oor die geboorte, lewe en dood van Jesus Christus.

Soos deur die profesie voorspel, **is** Jesus in die dorp Bethlehem uit 'n maagd gebore (Mattheus 1:23; 2:1). "Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees" (1:18). 'n Engel van God verskyn in 'n droom aan Josef en vertel hom: "Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees" (vers 20). God, die Vader, het Jesus – Sy Seun – deur die krag van die Heilige Gees verwek. "En sy sal

'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons" (verse 21-23).

Die naam Jesus beteken "Verlosser". Jesus het die Verlosser van die wêreld geword. Hoe het dit gebeur? Onthou, Hy was Emmanuel; "God met ons" – God in die vlees! Waar het Hy vandaan gekom? "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (Johannes 1:1-3).

Hierdie Woord waarvan die apostel Johannes praat, is die Een wat later Jesus Christus in die vlees geword het. Neem kennis: "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid" (Johannes 1:14).

Hierdie Woord is die Een waardeur God alle dinge geskep het. Die apostel Paulus stel dit duidelik dat God "alles geskape het deur Jesus Christus" (Efesiërs 3:9). Ook: "want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape" (Kolossense 1:16).

Hier is 'n ontsagwekkende waarheid van die Bybel: die Woord **–** wat saam met God en **as** God bestaan het **–** het in die vlees as die verwekte Seun van God gekom om die Verlosser van die Wêreld te word! Sy lewe was meer werd as al die mense wat ooit geleef het of ooit sal leef. Hy het Sy lewe opgeoffer om vir die sondes van die wêreld te betaal, soos net Hy kon doen. Hy is uitgebeeld as die Offerlam. Let op hoe Johannes die doper van Hom getuig: "Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Johannes 1:29).

Moontlik voel u die pyn van skuld en sonde. Daar is 'n manier om u lewe om te keer. Jesus, die Lam van God, het u sondes op Homself geneem maar, ten einde met God versoen te raak, moet u die ware Evangelie glo – en daarop reageer. Soos Jesus verklaar: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:15).

Dit is verbasend hoeveel predikante u sal vertel om te glo, maar hulle sal u nie vertel om u van u sondes te bekeer nie! Jesus Self vertel ons almal om ons te bekeer! Ons Verlosser beveel elke mensewese op aarde om hulle te bekeer en te glo. Vereis God werklik iets meer as geloof? Die apostel Petrus sê Hy doen wél. Wat sê Petrus op Pinksterdag toe hy duisende mense toespreek in sy geïnspireerde preek op die dag waarop die Nuwe Testamentiese Kerk begin is? Hy sê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38). Duisende wat hom gehoor het, is van hul sondes oortuig en op daardie dag gedoop, waarna hulle die beloofde gawe van die Heilige Gees ontvang het.

**Jesus, revolusionêr?**

Toe ek so twaalf jaar oud was, het ek die leringe wat ek in die kerk gehoor het in twyfel begin trek. Ek het by myself gewonder: "Bestaan Jesus enigsins?" Toe dink ek: "Wel, ek sal lees wat die biografieskrywers Mattheus, Markus, Lukas en Johannes oor Hom sê". Selfs as twaalfjarige was ek verbaas deur wat ek gevind het, veral toe ek die "Bergpredikasie" begin lees het. Jesus sê byvoorbeeld: "Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe" (Mattheus 5:39). Ek het gedink: "Sy leringe is revolusionêr!" Op my eie beperkte manier het ek my lewensbenadering verander, hoewel ek eers jare later tot werklike bekering geroep is.

Baie mense het ondervindings soos myne wanneer

hulle uiteindelik die Bybel self begin lees. Skrywer Bruce Barton is "van stryk gebring" deur die vals Jesus wat in die Sondagskoolklas voorgehou is. Hy skryf: "Die klein seuntjie [Barton wat oor homself skryf] kyk op na die prent wat teen die muur in die Sondagskoolklas hang. Dit wys 'n bleek jong man met pap voorarms en 'n hartseer uitdrukking op sy gesig. Die jong man het 'n rooi bakkebaard. Toe kyk die seuntjie na die ander muur. Daar was Daniël, goeie ou Daniël, wat die leeus afweer. Die seuntjie hou van Daniël. Hy hou van Dawid ook, met die getroue slingervel wat 'n klip in die middel van Goliat se voorkop laat wegsink het, en Moses met sy staf en sy groot koperslang. Hulle was wenners – daardie drie …. maar Jesus! Jesus was die "Lam van God". Die seuntjie het nie geweet wat dit beteken nie, maar dit het geklink soos 'Mary had a little lamb' se lammetjie. Iets vir meisies; iets vir sissies. Jesus was ook 'sagmoedig en nederig', 'n 'man van hartseer bekend met droefheid'. Hy het vir drie jaar lank rondgegaan en mense verbied om dinge te doen" (*The Man Nobody Knows*, bl. i-ii).

Soos Barton het ek ook eens 'n vals konsep van die ware Jesus gehad, moontlik u ook. Indien u die Bybel sélf lees, sal u verbaas wees om te ontdek dat baie van die gewilde beelde, konsepte en leringe wat as "Christenskap" voorgehou word, baie anders is as die waarheid wat in die Bybel gevind word.

Barton het 'n teenstelling gesien tussen Jesus se prediking en die wêreld se vals beeld van Hom. Barton skryf oor sy herontdekking van die Bybelse Jesus Christus: "Hoe meer preke hy [Barton] gehoor het en hoe meer boeke hy gelees het, hoe meer verward het hy geraak. Op 'n dag het hy besluit om sy gedagtes te reinig van die boeke en preke. Hy het gesê: 'Ek sal lees wat die manne wat Jesus persoonlik geken het, van hom sê. Ek sal van hom lees asof hy 'n nuwe geskiedkundige figuur is waarvan ek nog nooit iets gehoor het nie.' Die man was verstom. 'n Fisiese swakkeling! Waar kry hulle daardie idee? Jesus het met 'n skaaf en dissel gewerk; hy was 'n suksesvolle skrynwerker. Hy het in die buitelug geslaap en sy dae deurgebring deur langs sy gunsteling meer te stap. Sy spiere was so sterk dat toe hy die geldwisselaars uit die tempel gejaag het, niemand hom durf teëgaan het nie! 'n Pretbederwer? Nee, hy was die gewildste gas in Jerusalem! Die kritiek wat die betaamlike mense gehad het, was dat hy te veel tyd met tollenaars en sondaars deurgebring het ... en die samelewing te veel geniet het. Hulle noem hom "'n vraat en 'n wynsuiper" ... Toe die man klaar gelees het, roep hy uit: 'Hierdie is 'n man wat niemand ken nie!' (*Ibid.,* bl. iii-iv).

Ken u die ware Jesus van die Bybel? Is u seker? Ek daag u uit om deur die Nuwe Testament te begin lees met 'n vars objektiewe siening, soos Bruce Barton gedoen het. Soos baie van ons gevind het, is die beeld van Jesus wat baie predikante aan die wêreld voorhou, nie die Jesus wat in u Bybel onthul word nie!

**Wanneer, waar en hoe?**

Die poging om Jesus se verjaardag te vier, verdoesel dikwels die ware doel van Sy geboorte. Weet u *waarom* Hy gebore is? Weet u selfs *wanneer* Hy gebore is? Weet u wat Hy onderrig het aangaande die onderhouding van die gebooie? Weet u watter Bybelse feeste Jesus onderhou het en van Sy dissipels verwag het om te onderhou?

***Waarom*** is Jesus gebore? Let op wat die engel Maria voor Sy geboorte vertel het: "En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie" (Lukas 1:31-33).

Jesus se boodskap was oor die Koninkryk van God op aarde! Hy sal terugkeer as Koning van konings en Here van here (Openbaring 17:14; 19:16). Hy sal op die troon van Dawid sit en oor al die nasies regeer. Jesaja skryf: "Tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde" (Jesaja 9:6). Dit is ***groot*** nuus en ons moet bid, soos Jesus ons geleer het: "Laat u koninkryk kom".

***Wanneer*** is Jesus gebore? Is Jesus in Desember op Kersdag gebore? Dit mag sommige mense verbaas, maar ons kan verseker weet Hy is nié. Lukas vertel dat Josef en Maria teruggereis het na Bethlehem vir die sensus wat in opdrag van keiser Augustus uitgevoer is. Die stad was stampvol en daarom moes Josef en Maria ander blyplek soek. Jesus is in Bethlehem gebore en in 'n krip neergelê (Lukas 2:7). Let op die tyd van die jaar "En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het" (vers 8).

Die meeste Bybelkenners erken prontuit dat skaapwagters nie in Desember in die veld is nie. Die koue reënseisoen begin lank voor 25 Desember. Jesus is moontlik in laat September of vroeg Oktober gebore, soos die meeste welbekende Bybelkommentators erken. Waarom aanvaar ons dikwels tradisies en leringe sonder om dit na te gaan? Sommige van daardie konsepte en idees ***verskil*** van die Bybel! Jesus het nooit Sy verjaardag gevier nie en die Apostels ook nie! Soos die Encyclopedia Britannica dit stel: "Volgens 'n Romeinse almanak is die Christen Kersfees in Rome teen 336 n.C. gevier" ("Christmas", bl. 903). Let ook op die volgende: "Die [kerk]vaders van die 2de en 3de eeu, soos Klemens van Alexandrië, Origen en Epifanes het volgehou dat Kersfees 'n weergawe van 'n heidenfees is" ("Christianity", bl. 499).

Wanneer u die boek Handelinge lees, sien u dat die Kerk van die Apostels van die eerste eeu – die Nuwe Testamentiese Kerk – nooit Kersfees of die geboorte van Christus gevier het nie. Die ware Kerk van die Apostels van die eerste eeu het die Bybelse feeste gevier: die Nuwe Testament Pasga, Pinkster, Fees van Trompetgeskal, Versoendag, Loofhuttefees en die Laaste Groot Dag. Die Bybel toon duidelik dat Jesus Christus die Laaste Groot Dag onderhou het. Die apostel Johannes verwys na hierdie feesdag as hy skryf: "En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei" (Johannes 7:37-38).

Jesus het die Bybelfeeste onderhou en ware Christene streef daarna om Sy voorbeeld te volg. Die apostel Petrus sê: "Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg" (1 Petrus 2:21).

Volg tradisionele Christendom in Jesus se voetspore? Onderhou hulle die weeklikse Sabbat – die sewende dag van die week – soos Jesus gedoen het? Christus sê dat Hy: "die Seun van die mens Here ook van die sabbat" is (Markus 2:28). Soos ons van Genesis 2:3 weet, het God die sewende dag met die Skepping geheilig. Vir wie is die Sabbat geskape? Jesus sê: "Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie" (Markus 2:27). Die Sabbat is vir die ganse mensdom tot rusdag en as herdenking van God se groot skepping gemaak. Onthou, God het alle dinge geskep, insluitend die Sabbat, deur Jesus Christus (Efesiërs 3:9).

**Die geskiedkundige Jesus**

Die Joodse geskiedkundige Joséphus verwys na Jesus se broer, die apostel Jakobus, wat die Nuwe Testament boek Jakobus geskryf het. In die eerste eeu n.C. skryf Joséphus die volgende: "Festus is nou dood en Albinus was maar pas in die stoel; toe roep hy die Sanhedrin van regters bymekaar en bring voor hulle die broer van Jesus, wat Christus genoem is, genaamd Jakobus en 'n paar ander [of sommige van sy reisgenote] en toe hy 'n beskuldiging teen hulle gevorm het as wetsoortreders, het hy hulle oorgegee om gestenig te word" (*Antiquities of the Jews*, Boek 20, hfst. 9, afd. 1).

Ja, daar is geskiedkundige bewyse vir die bestaan van Jesus Christus. Verbasend genoeg sal sommige mense die getuienis van 'n geskiedkundige soos Joséphus aanvaar en tog die ooggetuie verklarings van Jesus se tydgenote ignoreer. Mattheus, Markus, Lukas en Johannes het almal oor die lewe, wonderwerke en leringe van ons Verlosser geskryf en daarvan getuig. Die apostel Johannes

skryf selfs: "Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe - en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is" (1 Johannes 1:1-2).

Die apostel Johannes getuig in hierdie skrifdeel dat nie net het hy en die ander Apostels die Woord van die Lewe – Jesus Christus – *gehoor* en *gesien* nie, maar hulle het Hom ook ***aangeraak***. Na Sy opstanding vertel Jesus aan ongelowige Thomas om sy vinger in die spieswond te druk wat Hom gedood het. Hy beveel: "Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig" (Johannes 2:27). Wat was Thomas se reaksie? "En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!" (vers 28).

Jesus Christus het gesterf en opgestaan. Hy leef vandag. So nie sou ons nog steeds in ons sondes gewees het. Soos Paulus skryf: "Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes" (1 Korintiërs 15:16-17). Maar die goeie nuus word volgende geskryf: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens" (verse 20-21).

So, wie is Jesus? Hy is ons lewende Verlosser! Hy is ons groot Hoëpriester, soos die apostel Paulus verduidelik (Hebreërs 3:1; 4:14). Hy sit aan die regterhand van God in die hemel waar Hy "ook vir ons intree" (Romeine 8:34). Hy sal binnekort terugkeer Aarde toe as Koning van konings en Heer van here om die Koninkryk van God op Aarde te vestig en vir ons wêreldvrede te bring! Sal u gereed wees vir Sy wederkoms? Sal u Sy offer en gestorte bloed as betaling vir u sondes aanvaar? Dank God dat die Bybel die Verlosser van hierdie wêreld onthul – ons *lewende* Verlosser!


# Die God wat u kan leer ken

***Kan enigiets meer belangrik wees as om die ware God te leer ken? Dit is die belangrikste kennis wat enige mens ooit kan bekom. Tog het baie min van die ses biljoen mense op hierdie aarde 'n duidelike idee van die natuur van die Skepper-Heerser van die heelal.***

***Wat is u begrip van God? Het u 'n definitiewe, helder beeld van die ware God se natuur? Of het u 'n vae, wasige begrip van die Groot God wat die heelal geskep het en aktief daaroor heers?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

# Vrae en antwoorde

**V:** Baie belydende Christene maak daarop aanspraak dat hulle "wedergebore" is. Wat presies is hierdie geboorte en hoe kan ons weet of ons alreeds weer gebore is?

**A:** Jesus Christus het verduidelik wat dit beteken om "weer gebore" te word. Hy het vir Nikodémus gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh. 3:3).

Nikodémus het verward vir Jesus gevra: "Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie" (vers 4).

Jesus het gesê dat Hy van heeltemal 'n *ander* soort geboorte gepraat het (verse 5-6). Hy het gewys dat daar twee soorte geboortes is – een fisies, die ander geestelik – met die fisiese as 'n toonbeeld van die geestelike. Toe u uit u moeder gebore is, was u vlees. Maar "Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees" – nie langer van vlees nie, maar van gees! (vers 6).

Daar sal geen bloed wees in enigeen wat "uit die gees gebore" is nie. Iemand wat uit gees bestaan, sal nie asem hoef te haal om te kan bestaan nie. Wanneer ons "weer gebore" is – gebore uit die Gees van God – sal ons onsigbaar wees vir menslike oë, soos die wind (vers 8). Die effek van die wind is maklik waarneembaar alhoewel dit self onsigbaar is. Dit is duidelik dat die tweede geboorte nie net sommer 'n emosionele belewenis is soos wat so baie mense verkeerdelik aanvaar het nie.

Die mens is na God se "beeld" geskape – met dieselfde vorm en gestalte (Gen. 1:26-27; 2:7; 3:19) en het die potensiaal om gees te word net soos wat God gees is. Die Bybel onthul dat God deur middel van Sy Heilige Gees Sy volmaakte geestelike karakter skep in diegene wat Hy geroep het (sien Jes. 64:8; Job 14:14-15; Jes. 43:7; Ef. 2:10).

Jesus het die Evangelie van die komende Koninkryk van God verkondig. Christus se goeie nuus het ook onthul dat *God Homself reproduseer*! Die Bybel toon dat die Koninkryk van God nie slegs die regerende koninkryk is wat Christus op hierdie aarde sal vestig by Sy terugkeer nie; dit is ook die *Familie* van God (Ef. 3:14-15). Jesus het geleer dat mense "gebore" kan word in die *Familie* of Koninkryk van God!

Tans is daar slegs twee lede in die Familie van God – God die Vader en Jesus Christus die Seun. God toon egter duidelik dat dit Sy doel is om Sy goddelike familie te vermeerder deur baie kinders daarin te bring (Heb. 2:10, Op. 21:7). Jesus Christus is eintlik die "eersgeborene" van baie kinders van God wat nog gebore moet word (Rom. 8:29; Kol. 1:18).

Indien ons ware Christene in God se oë is, dan is ons alreeds – tydens hierdie sterflike lewe – "kinders van God" (1 Joh. 3:1-2). Maar, ons is *nog* nie beërwers van die Koninkryk van God nie. Ons is slegs erfgename daarvan (Rom. 8:14-17) omdat ons nou slegs die *geestelike verwekte* kinders van God die Vader is. Dit is wanneer ons uit God *gebore* word dat ons die beërwers van God se Koninkryk sal word – *geestelike gebore* lede van die familie van God.

Jesus Christus – "die eersgeborene van baie familielede" (Rom. 8:29) – is die enigste Een wat reeds "wedergebore" is. Hy het gesê dat ons "uit die gees gebore" moet word – bestaande uit "gees" – ten einde die Koninkryk van God te "sien" of "binne te gaan" (Joh. 3:3,5). Ons geestelike "geboorte" as geestelike verwekte kinders moet nog plaasvind by die opstanding (1 Kor. 15:50-53).

Wanneer die verheerlikte Christus na die aarde terugkeer sal God se geestelike verwekte kinders soos Hy wees (1 Thess. 4:16-17; 1 Joh. 3:1-2). By die opstanding sal ons huidige fisiese liggame verander word – soos Sy verheerlikte liggaam gemaak word (Fil. 3:21). Ons sal dan "wedergebore" lede van God se eie familie wees – Sy eie verheerlikte nasate met die ewige lewe ingebore in onsself, wat die wêreld saam met Christus regeer (Op. 3:21)!

## Wat is u persoonlike "breekpunt"? (Vervolg vanaf bladsy 16)

*geloof* wat deur Paulus gestel is kort voordat hy gemartel is. "Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het" (2 Tim. 4:6-8).

## Sodom Herrys! (Vervolg vanaf bladsy 13)

stel dit duidelik: "En Ek sal aan die *wêreld sy boosheid besoek*, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid (Jes. 13:11). Hy het voorspel dat die antieke stad Babilon vernietig sou word soos Sodom en Gomorra (Jes. 13:19-20), en dat 'n *toekomstige* eindtydse Babilon dieselfde lot tegemoet gaan as gevolg van verregaande sondes (Op. 11:8; 18:1-8). Die profeet Amos het voorspel dat *sondige Israelitiese nasies omvergewerp gaan word* net soos Sodom en Gomorra. Omdat ons God se instruksies verwerp het, roep Amos uit: "maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel! (Am. 4:11-12). Die storie van Sodom en Gomorra is bedoel om 'n kragtige les oor te dra: dat ongehoorsaamheid aan God se wette tragiese gevolge meebring. Tensy ons ons bekeer van ons moderne *terugkeer na die weë van Sodom*, toon die Bybel profesië wat vandag *vervul* word, dat ernstige gevolge net om die draai lê!

## Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

die handvol Skrifture waarmee hulle vertroud is, weerspreek. Hulle besef skielik dat hulle 'uitgevang' is. Hulle het geen antwoorde op die duidelike en juiste waarhede oor die talle basiese beginsels in die Bybel nie!

Ek is seker dat u sal opmerk wanneer u die Wêreld van Môre-tydskrif lees of die World Tomorrow video's kyk, dat ons verseker 'anders' is! Ons maak staat op die direkte bewoording uit die Bybel wat telkemale aangehaal word om stellings te bewys. Ons probeer werklik hard om die basiese waarheid in die Bybel so maklik as moontlik te verduidelik. As u regtig ons literatuur bestudeer – en veral die voortreflike Bybelstudie-kursus – sal u merk dat 'n bestendige lewenswyse in die Bybel uitgespel word wat ver verhewe is bo wat die meeste kerke in die wêreld verkondig. 'n Basiese "sleutel" tot insig is om bereid te wees om te doen wat God sê. Die meeste gelowe in hierdie wêreld van belydende Christene beoefen en verkondig ongelukkig 'n boodskap wat 'n mens 'goedkoop genade' kan noem. Hulle bevorder 'n leë sentimentele aanvaarding van die PERSOON van Christus, terwyl hulle absoluut ongenaakbaar staan teenoor die kragtige boodskap van gehoorsaamheid wat Hy deurentyd verkondig. Ons haal dikwels aan van die jongman wat na Jesus gekom het en vra wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe. Jesus gee 'n eenvoudige antwoord: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matt. 19:17). Jesus het toe 'n paar van die Tien Gebooie aangehaal om aan te dui na watter wet Hy verwys.

Wanneer hulle in 'n hoek

gedryf word, sal die meeste predikers van die belydende Christendom egter onomwonde verklaar: “U hoef nie die Tien Gebooie te onderhou nie!” Natuurlik voeg hulle by dat die gebooie 'n goeie riglyn is of dat dit goeie beginsels is. Hulle sal ook soms voorgee dat hulle preek oor gehoorsaamheid aan God se gebooie. Hulle weier egter volstrek om hulle volgelinge te leer om die vierde gebod te onderhou of om hulle te weerhou van alle vorme van moord en doodslag, of om egskeiding en hertrou, wat eintlik egbreuk is, onomwonde te verdoem. Hoe dikwels haal u leraar die volgende direkte verduideliking van Jesus oor egbreuk aan: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk” (Matt. 5:32).

Moet dus nie toelaat dat u mislei word nie! Die onus in hierdie dae van die naderende einde van die 'wêreld' is dus op u om vas te stel en te bewys waar God se volledige boodskap vandag verkondig word. U moet weet! Probeer om die talle Skrifture werklik te sien soos dit daar geskryf staan, Skrifture wat sê: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar” (Op. 14:12). Vra God opreg vir ware begrip. Dan eers sal u dwarsdeur die flou argumente van die leraars sien wat die duidelike leerstellings van die Bybel omseil. Onthou ook te alle tye Jesus Christus se kragtige uitdaging: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Luk. 6:46).

Moenie toelaat dat u so maklik om die bos gelei word nie! Herinner uself aan God se ernstige waarskuwing: “Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord” (Jes. 66:2). Ons hoor dikwels president Bush sê: “Moenie met Texas mors nie” en ek sê dan nou: “Moenie met die Bybel mors nie!” U as leser – insluitend die dominees, pastore en priesters wat hier lees – word aangeraai om ontsag te hê vir die ware Skepper wat binnekort gaan ingryp en 'n einde sal maak aan al die “speletjies” van belydende godsdiensleiers met Sy Woord! Ons sê dikwels vir u dat God ons inlig hoe om die Bybel waarlik te verstaan, naamlik: “Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid” (Ps. 111:10).

Ons in hierdie eindtydse Werk van die lewende God het 'n verantwoordelikheid om die volle Waarheid onder al die nasies te verkondig: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Matt. 24:14). Ten einde hierdie doel te vervul, verskuif ons hoofkantoor na Charlotte, Noord-Carolina, want die ekonomie aldaar is meer gunstig om God se Werk te bevorder. Soos hierdie Werk groei in grootte en omvang sal ons binnekort meer televisie uitsendings kan bekostig, terwyl die sirkulasie van die Wêreld van Môre-tydskrif veelvoudig sal toeneem. So sal ons dan vir God beter dien – ook vir u – in elke opsig. Ons sal wel vir 'n kort rukkie aan bande gelê wees met vertragings in posversendings asook op ander gebiede as gevolg van die verskuiwing na Charlotte, maar oor die algemeen sal ons die Werk baie beter kan doen vanaf ons nuwe tuiste.

U as vriende en intekenare word vriendelik versoek om tot God te bid vir seëninge in hierdie Werk en ook wat betref ons verskuiwing na die nuwe hoofkwartiere te Charlotte. Ook wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om u te bedank vir u belangstelling in die Wêreld van Môre-tydskrif en God se kosbare Waarheid! Mag God u seën en lei wanneer u in Waarheid optree en Hom volg. Omdat u geloof en die oortuiging van u gemoed het om God waarlik en opreg te gehoorsaam, om te doen wat Hy sê, sal God u verstand sekerlik open om in te sien waar Hy vandag Sy Werk doen.

